

INSTITUUT VIR EIETDSE GESKIEDENIS

Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat



Bron
nr
0 7 2 8

Datum
97.01.10.91.0

Onderwerp
086

Knipsel
nr
1360

finansies &
TEGNIK

Jg. 49/1 Nr. P. 12 Dat. 1. 0. 1. 1997

Sasria se toekoms nie bedreig

DIE regering se voorneme om beslag te lê op die surplusgelde van die Sasria- spesiale onrusversekeringsfonds bedreig nie sy voortbestaan nie. SA ondernemings en huishoudings sal hul dus steeds teen risiko's van politieke en arbeidsonrus kan verskans.

Verlede maand het die Departement van Finansies laat blyk dat wetgewing voorberei word om van die geld, wat tans in die omgewing van R8,5 miljard bedra, los te maak vir die delging van staatskuld. Sowat R1 miljard sal in die fonds gelaat word om toekomstige eise te dek.

Een van die vrae wat ontstaan, is watter reg die regering het om die geld na sy goeddunke te gebruik?

Die fonds is in 1979 as 'n Art.21-maatskappy (sonder winsoogmerk) op die been gebring toe korttermynversekeraars lugtig geraak het om sekere risiko's te onderskryf weens die Soweto-onluste van 1976. Die destydse regering was "moreel verplig" om die herversekeraar in die laaste instansie te word. Tot dusver was dit nog nie nodig om die fonds uit te help nie.

Al die groot korttermynversekeraars in die land is lede van Sasria en soos die besturende direkteur, mnr. Mike Strydom,

dit stel, het die polishouers waarskynlik "die grootste belang van al die partye". Daar kan egter ook meriete steek in die argument dat die regering 'n sekere belang opgebou het, juis omdat hy die finale risiko dra.

"Die feit dat ons nou regsadvies inwin beteken nie dat ons swaarde met die regering kruis nie. Ons tree net versigtig op en beskou die saak uit alle moontlike hoeke. Sasria sal bly voortbestaan - die vraag is net in watter mate die regering betrokke wil wees," sê mnr. Strydom.

Die belangrikheid van die voortbestaan van die Sasria-fonds blyk onder meer daaruit dat dit steeds die enigste versekeraar is wat bereid is arbeidsonrusrisiko's te dra. In 1995 was driekwart van die eise byvoorbeeld van dié aard en verlede jaar het die verhouding verder toegeneem.

'n Woordvoerder van Santam sê daar is baie min mense wat verkies om nie Sasria-

Sasria-fonds ... staan sterk

	Netto premie-inkomste	Beleggings-inkomste	Eise betaal
	R miljoene		
1991	372	338	134
1992	401	410	80
1993	435	440	142
1994	512	517	279
1995	488	520	55

Bron: Sasria

versekering uit te neem nie. Dit sluit bestaande en nuwe polishouers in. Vir 'n huishouding beloop die koste hiervan gemiddeld R15 per jaar, afhangend van die waarde van die huisinhoud en voertuie. Vir sake-ondernemings is die koste hoër.

Soos uit die tabel hierby blyk, verdien die fonds die afgelopen jare 'n handige opbrengs op sy beleggings.

Dit sal uiteraard verdwyn as die regering die opgeboude fondse opeis. Daarsonder is die fonds steeds sterk genoeg om eise uit te betaal, selfs in moeilike jare soos 1994 (ten tye van die Bophuthatswana-onluste) toe die netto premie-inkomste die eise met R233 miljoen oorskry het.

Een alternatief tot die delging van staatskuld is dat die Sasria-fondse eerder gebruik word om die bankrot derdeparty-versekeringsfonds (die MMF) te red, soos voorgestel deur die Automobiël-Assosiasie. Dié fonds se laste is na berig word sowat R7,4 miljard.

- Tielman J. de Villiers

TREFWOORDE

1. Rens Kruis
2. Sasria
3. Rens Kruis
4. Wetshoud
5. Regering
6. Rens Kruis
7. Rens Kruis
8. Rens Kruis
9. Rens Kruis
10. Rens Kruis